Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 23: *Pekudei* – Berekening

Dit is die berekening van die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis, soos dit bereken is op bevel van Mosheh, vir die diens van die Leviete, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester. Ex. 38:21 – PWL[1]

Torah: Ex. 38:21 tot 40:38.

Haftorah: 1Kon. 7:51 tot 8:21.

Nuwe verbond: Matt. 17:2; 2Kor. 9:1 tot 15; Efes. 6:14; Open. 3:4, 5 en 18; Open. 7:13 en 14; Open. 11:19; Open. 15:5 to 8; Open. 19:8.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 23 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Not that the study is not important. A Jewish rabbi I once studies with would often say, 'For us Jews studying the bible is more important than obeying it because if you don't understand it rightly you will obey it wrongly and your obedience will be disobedience. – Eugene H. Peterson.

When the church and the world can jog comfortably along together, you can be sure something is wrong. The world has not compromised – its spirit is exactly the same as it ever was. If Christians were equally as faithful to the Lord, separated from the world, and living so that their lives were a reproof to all ungodliness, the world would hate them as much as it ever did. It is the church that has compromised, not the world – Catherine Booth.

The modern church is, quite simply, just the world with a Christian T-shirt on! – Nicky Cruz.

Faith never knows where it is being led, but it loves and knows the One who is leading. – Oswald Chambers

Don't try to bring the Word of God down to your level. Let it pull you up to its level – David MacDonald.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

The Tabernacle is a picture of unity in Messiah, but Shabbat is where we begin. Shabbat is the crown of Creation – Ardelle.

Playing marbles with diamonds, that's what we are doing in the church today. – Vance Havner.

Torahbespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing het begin met Mosheh wat die volk bymekaar geroep het om hulle weereens te herinner aan die belangrikheid van die Shabbat! Hierdie is ook vir ons 'n herinnering dat יהוה ons God en Vader steeds Sy volk, naamlik elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, elke Shabbat bymekaar roep om saam met Hom die Shabbat te gedenk!

En nadat Mosheh die volk aan die Shabbat herinner het, het hy hulle ook weereens daaraan herinner dat יהוה van elkeen 'n gewillige en vrygewige hart verlang. Ons Vader verlang dat elkeen van Sy kinders bereid sal wees om dit wat kosbaar is op te offer sodat Hy in hulle midde kan woon soos wat deur die tabernakel uitgebeeld was!

Ons het gesien dat Yisra'el se verlange dat יהוה se Teenwoordigheid in hulle midde sou woon so groot was dat hulle oorvloedig van die beste wat hulle besit het, gegee het, asook eensgesind saamgewerk het om die tabernakel te bou. Hulle ywer en vrygewigheid was sodanig dat Mosheh bevel moes gee dat die volk moet ophou om offergawes te bring!

Die vraag was of ons hierdie gesindheid van Yisra'el van ouds het, veral ten opsigte van ons belydenis dat ons individueel en korporatief die tempel van יהוה is? Het ons hierin misluk en daarom ondervind ons so selde die ware Gemanifisteerde Teenwoordigheid van God in ons persoonlike lewe, asook as gemeente (korporatiewe tempel)?

Die einde, maar ook 'n nuwe begin!

Hierdie week kom ons aan die einde van Exodus, die boek wat meer korrek volgens die Hebreeuse naam *Shemot* genoem word en wat *Name* beteken. Soos ons gesien het is hierdie boek so genoem na aanleiding van die eerste twee Hebreeuse woorde waarmee dit begin, naamlik: *we'elleh sh'mot*, wat as *hierdie is die name* vertaal word – dit was die name van die seuns van Yisra'el wat in Mitzrayim aangekom het. Die naam *Exodus* is 'n Latynse woord wat afgelei is van die Grieks *Exodos* wat *vertrek, uitgaan* en *uittog* beteken.

Die hoogtepunte van *Sh'mot* (Exodus) kan soos volg opgesom word:

- Die bevryding van die slawejuk van Mitzrayim wat met die instelling van Pesag gepaard gegaan het.
- Die ontvangs van יהוה se Torah by Sinai wat deur 'n verbond verseël was.
- Die aanbidding van die goue kalf en die gevolge daarvan.
- Die bou en die oprig van die tabernakel sodat יהוה in hulle midde in die wildernis kan woon.

Gedurende die veertig jaar in die woestyn het Yisra'el in tente gewoon. Derhalwe het יהוה ook in `n tent, die Tent van Ontmoeting, tussen hulle gewoon. Sha'ul verwys in 2Kor. 5:2-4 na ons sterflike liggame as `n tent (tabernakel) wat begeer om eendag met onsterflikheid

beklee te word. Dit sal plaasvind met die wederkoms van Yeshua (1Thess. 4:13-17, Fil. 3:21). Tot dan moet ons so leef dat ons liggaam ‘n geskikte woning vir die Almagtige is.

> **51** Let op, Ek vertel vir julle ’n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,
> **52** skielik, soos die knip van ’n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,
> **53** want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie
> **54** en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: “Die dood is ingesluk in die oorwinning.”
> **55** “Dood, waar is jou angel? Sh’ol, waar is jou oorwinning?” 1 Kor. 15:51-55.

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons dat die tabernakel vervaardig en opgerig is presies volgens יהוה se voorskrifte aan Mosheh. Eers nadat alles voltooi was, het יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid die tabernakel gevul.

> **34** en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul.
> **35** Mosheh was nie in staat om in die Tent van Ontmoeting in te gaan nie omdat die wolk daarop gerus en die Teenwoordigheid van יהוה die tent gevul het.
> **36** Wanneer ook al die wolk van die tent af oplig, het die seuns van Yisra’el weggetrek op al hulle reise,
> **37** maar as die wolk nie oplig nie, dan trek hulle nie weg nie, tot die dag wat dit weer oplig,
> **38** want die wolk van יהוה was bedags en vuur in die nag op die tent, voor die oë van die hele huis van Yisra’el, op al hulle reise. Ex. 40:34-38.

Vir Yisra’el was hierdie ook ‘n “nuwe begin”, want יהוה het nou tussen hulle kom woon! Die wolk bedags en die vuur in die nag was ‘n voortdurende herinnering van God se Teenwoordigheid in hulle midde!

Mosheh wat ‘n sinnebeeld van Yeshua was, kon nie die Afgesonderde Plek binnegaan nie. Nee, want dit was alleenlik deur die versoeningswerk van Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons deur Sy bloed met vrymoedigheid in die Afgesonderde Plek tot in die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van God kan gaan!

> **19** Daar is dus vir ons vrymoedigheid broers, om in die Afgesonderde Plek in te gaan deur die bloed van Yeshua
> **20** en deur die metode van Lewe, wat ons vernuwe het binne die skeidingsgordyn, wat Sy liggaam is
> **21** en ons het ’n Groot nie-Levitiese Priester oor die huis van God.
> **22** Laat ons nader gaan met ’n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertroue terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van ’n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:19-22.

Bepeins of Bespreek

1. Ons word gekonfronteer met die vraag: Hoe kan יהוה die Almagtige, wie se Grootheid onberekenbaar is, kom woon in ‘n klein ruimte soos die Mees Afgesonderde van die tabernakel? Dit blyk vir ons ‘n onmoontlikheid te wees, maar tog is dit presies wat gebeur het! Hiermee saam word ons herinner aan die belofte van die nuwe verbond, naamlik dat

> ons die tempel van יהוה-God is (1Kor. 3:16). Dit behoort die besef tuis te bring dat ons elkeen verantwoordelik is om deur die Torah van die nuwe verbond, soos dit in Yeshua vervolmaak is, met die Afgesonderde Gees saam te werk om ons liggame as tempel in te rig sodat God in ons deur Sy Gees kan woon. יהוה, die Almagtige Skepper-God, is bereid, en verlang daarna, om in jou en my te woon!! Vul dit jou met eerbiedige ontsag en nederigheid? Hoe kan ons hoegenaamd onverskillig staan teenoor ons Vader se bereidwilligheid en verlange?

Die kosteberekening van die Tabernakel

Na voltooiing van alles wat benodig was vir die oprigting van die tabernakel, lees ons in Ex. 38:21-31 dat Mosheh opdrag gegee het dat daar onder die toesig van Itamar, die seun van Aharon, ‘n volledige inventaris van alle bydraes gemaak moes word, asook hoe dit aangewend was in die vervaardiging van die tabernakel en al sy toebehore.

> Dit is die berekening van die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis, soos dit bereken is op bevel van Mosheh, vir die diens van die Leviete, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester. Ex. 38:21.

Hierdie is vir ons ‘n les in goeie rentmeesterskap, want die volk het vir Mosheh en almal wat by die “bouprojek” betrokke was, vertrou. Mosheh moes rekenskap aan die volk gee oor hoe al die gawes wat die volk met ‘n vrygewige en blymoedige hart gegee het, gespandeer was met die vervaardiging van die tabrnakel met sy toebehore, asook hoe dit aangewend sou word in die dienswerk in die tabernakel. Maar Mosheh moes nie net aan die volk bewys lewer van goeie rentmeesterskap nie, maar ook aan יהוה-God.

Die tabernakel was ook ‘n sinnebeeld van יהוה se Koninkryk en ’n skadubeeld van hoe dit in die nuwe verbond moet funksioneer. Ons kan dus sê dat die hele Yisra’el betrokke was by die bou van יהוה se Koninkryk! Maar almal se bydrae was nie dieselfde nie! Die meerderheid het vrywillige offergawes soos goud, silwer, koper, fynlinne, speserye en vele ander kosbaarhede gebring. Terwyl ander wat bedrewe vakmanne was, asook vroue met naaldwerkvaardighede, verantwoordelik was vir die bou van die tabernakel en al die toebehore.

Daar is vir ons verskeie lesse om hieruit te leer!

Eerstens moet ons elkeen volle rekenskap gee van alles wat ons van Vader ontvang het om te help met die “bou” van Sy Koninkryk. Dit herinner ons aan die gelykenis van die talente in Matt. 25:14-30, naamlik dat ons moet woeker met die talente wat ons ontvang het, want ons sal in die dag van oordeel rekenskap moet gee!

Maar soos met die bou van die tabernakel het ons nie almal dieselfde taak nie. Daarom is daar die vyfvoudbediening (Efes. 4:11-12) en die gawes van die Afgesonderde Gees (1Kor. 12:8-11). Al hierdie bedienige en gawes gee die Afgesonderde Gees om gebruik te word tot die opbouing van die liggaam van Yeshua.

Tweedens is dit belangrik dat hierdie bydrae tot die bou van die tabernakel nie ‘n tiende was wat elkeen moes gee nie, maar wel ‘n offergawe wat met ‘n gewillige hart gegee was! Daarom dien hierdie as ‘n heenwysing na die gesindheid waarmee onder die nuwe verbond gegee moet word om יהוה se Koninkryk “te bou”. Die gee van tiendes het ‘n ander doel gehad. Laasgenoemde is ‘n onderwerp wat in latere Torahskriflesings oor die gee van tiendes bespreek sal word.

Derdens is die hoeveelheid en waarde van die goud, silwer en ander kosbaarhede wat vir die bou van die tabernakel gebruik was, gering in vergeleke met die bou van die eerste en die

tweede tempel. Die estetiese aanskoulikheid van die tabernakel in vergeleke met die twee tempels kan ook as "minderwaardig" beskou word! Maar beide die tempel van Salomo en dié van Herodus is deur die vyande van Yisra'el beroof en vernietig, maar nie die tabernakel nie. Nog meer belangrik is die feit dat die Gemanisifsteerde Teenwoordigheid van יהוה in die tabernakel dié van die twee tempels by verre oortref het. Dit leer ons dat dinge soos rykdom, weelde en aanskoulikheid nie bepaal waar יהוה se Teenwoordigheid sal Manifisteer nie! Nee, die manifistasie van יהוה se Teenwoordigheid word bepaal deur gehoorsaamheid aan Torah en 'n lewe van Afgesonderd volgens God se onpartydige opregtheid!

Soos in vorige Torahskriflesing reeds bespreek was, moet ons aan die einde van Shemot (Exodus) weer daaraan herinner word dat elke individu 'n tabernakel van God is, maar as gemeente (*eklesia*; uitgeroeptes) vorm ons gesamentlik ook 'n tabernakel. Soos elkeen voortdurend aan sy eie tabernakel moet bou en in stand hou, so moet elkeen ook bou aan die tabernakel wat uit die gemeente bestaan. Ons bydrae tot die bou van die gemeente-tabernakel (geestelike tempel) is dus uiters belangrik, want יהוה kan net in ons midde woon waar daar eensgesindheid van hart is.

> Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.

Die volk het so mildelik bygedra tot die bou van die tabernakel dat Mosheh opdrag gegee het dat hulle moet ophou (Eks. 36:6 en 7). Is ons bereid om so oorvloedig by te dra vir die bou van יהוה se Koninkryk? Elkeen het soveel gegee van dit wat kosbaar is dat daar `n oorvloed van alles was. Hulle het gegee volgens dit wat in hulle hart was. Hierdie gesindheid is Vader-God se gesindheid toe Hy vir ons Yeshua geskenk het om in ons plek aan die folterpaal te sterf. Vader het vir ons Sy beste in oorvloed geskenk.

Bepeins en Bespreek

1. Het jy onlangs 'n koste berekening en rekenskap gedoen (inventaris geneem) van jou gawes, jou verwagting, jou bereidwilligheid en jou roeping in hierdie eindes van die eeue wat gekom het (1Kor. 10:11). Lees 1Kron. 22:12-16 biddend en vra of dit profeties op jou van toepassing is? Luister na יהוה se belofte! Hy sal jou wysheid en insig gee om die wet (Torah) te kan onderhou sodat jy geseënd, sterk en dapper kan wees. יהוה het jou aangestel om ander (jou vrou, kinders, vriende, gemeente) aangaande Torah te leer. God het jou alles gegee wat jy nodig het om Sy tempel te help bou. Wees nie bevrees en wees nie verskrik nie! (Onthou: Om יהוה se tempel te bou is om Sy gemeente te bou). Lees ook Efes. 2:19-22 en Efes. 4:11-16.

2. Is jy geroep om 'n hervormer te wees? Lees die volgende biddend en vra jouself of jy hiermee kan identifiseer?

You are Called to be a Reformer

You are a generation called to be reformers. You are a reforming generation. You are here because יהוה marked you. You are here because you are a difference maker. There is something in your DNA that cannot accept status-quo or business as usual or things as they are.

You will never fit in the box or be marked as normal. Deep in your heart you know you are called to change things – to rock the boat.

You love God, but hate religion. When you taste Him, it only makes you hungry for more. You have God cravings. You crave His presence, but you loathe the average church service.

You refuse to let the world around you shape or define you. When you dream it is about the impossible. When you see pain you know you are called to heal it. When you see adversary, you do not fear it because you measure it against יהוה. You are dangerous to evil, because your life is not your own.
To live in Yeshua, to die is gain.
You wonder why you are so strange, so different . When others want to party, you want to pray. When they laugh you weep. When they dance you mourn. You will never fit into the typical societal niche, because you are a reformer.
You won't live for fame and would never lower your goal to be rich or famous. You want to be like Abraham, Moses, Joshua, David and Esther.
Bullets do not scare you, but mediocrity scares you. Indifference scares you. Losing your life do not scare you, but wasting your life does.
You already died, so you are free!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.